

3 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 22:6-21

Fokusgedeelte: Openbaring 22:16

Die helder Môrester

Op die laaste bladsy van die Bybel openbaar Jesus Hom as die helder Môrester. Soos wat Hy Hom op aarde met verskillende name, soos onder andere as die Weg, die goeie Herder, die Wynstok en talle meer bekend gemaak het, openbaar Hy Hom hier vanuit die hemel as die helder Môrester.

Daar is baie sterre. Daar is egter maar een Môrester, die Heiland van die krip en die kruis. As die lig van alle sterre vanweë die dagbreek verdwyn, bly die môrester tot op die laaste sigbaar.

Só ook verdof en verskiet alle "sterre" in ons lewe, maar die Môrester bly! Sonder Hom is jou lewe rigtingloos en doelloos. Jy hoef nie op te gaan in ekstase om by Hom te kom nie. Jy hoef nie af te daal in eindelose diepsinnighede om Hom te vind nie. Deur sy Gees woon Hy in jou. Wie Hom gevind het, het die lewe. As jy die Naam van Jesus op jou lippe neem, vind dit weerklink in jou hart. Dan is jy as 't ware by die krip van Betlehem.

Die verskyning van die môrester beteken dat die nag verby is. Na die nag van vervolging breek die volmaakte môre saam met God aan. Daar is hoop op 'n nuwe dag. Dit is wel nog donker, maar deur die stuiptrekkings van die donker nag skyn die helder lig van die môrester soos 'n voorteken van die naderende daeraad asof dit 'n boodskap vir die toekoms bevat wat lui: "Julle sal goed doen as julle in sy lig bly totdat die dag aanbreek en die Môrester opkom in julle harte" (2 Pet 1:19).

Verheug jou dan elke dag in die lig van die helder Môrester. Jesus se naderende koms is die onmiskenbare teken van 'n lewende hoop wat nooit beskaam nie tot in ewigheid. Meer nog, Christus is ons Hoop. Geseënd is dié wat in sy verlossingsliglik verkeer. In sy lig sal jy ook soos die Psalmidger die lig sien. Hy is die Bron van die lewe. Deur sy lig lewe ons (Ps 36:10).

Sing: Skrifberyming 41:7

Dr DR Fouché (Emeritus)